BLOEMFONTEIN BAPTISTE

Datum: ______________________

# BYBELSE GEBEDE

## DEEL 1: JABES SE GEBED

**1 Kronieke 4:9-10(AFR20)** Jabes is hoër geag as sy broers; sy moeder het hom die naam Jabes gegee en gesê: "Dit is omdat ek hom met smart in die wêreld gebring het." [10] Jabes het die God van Israel aangeroep: "As U my tog maar net sal seën, my grondgebied sal vergroot en as u hand by my sal wees! Weerhou onheil van my, sodat ek nie smart ervaar nie." God het toe laat gebeur wat hy gevra het.

## Jabes se Gebed

1. Bid vir ______________________.

**Jakobus 1:17** Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.

**1 Timoteus 6:17(ABA)** …hulle moet seker weet dat God vir ons alles sal gee wat ons nodig het. Ja, Hy gee vir ons nog meer sodat ons dit kan geniet.

- *Geseënd om ______________________.*

**2 Korintiërs 9:8** En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.

**Genesis 12:2** …Ek sal jou seën …en jy moet tot 'n seën wees.

- *Met seën kom ______________________.*

**Lukas 12:48** …Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word.

**Lukas 16:10-11** Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. [11] As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?

- *Wanneer ons ander seën, sal God ______________________.*

**Spreuke 19:17** Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.

**Spreuke 22:9** Wie mededeelsaam is, word geseën, want hy gee van sy kos vir arm mense.

---

2. Bid vir ______________________.

**Psalm 2:8** Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting.

**Psalm 67:2-3** Mag God ons genadig wees en ons seën, mag Hy tot ons redding verskyn, [3] sodat sy dade oor die wêreld heen bekend mag word, sy reddende krag onder alle nasies.

**Jesaja 54:2-3** Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, [3] want jy sal na alle kante toe uitbrei…

**Jesaja 6:8** Toe het ek die Here hoor vra: "Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?" Ek het geantwoord: "Hier is ek! Stuur my!"

**Ephesians 3:20(AMPC)** Now to Him Who, by (in consequence of) the [action of His] power that is at work within us, is able to [carry out His purpose and] do superabundantly, far over and above all that we [dare] ask or think [infinitely beyond our highest prayers, desires, thoughts, hopes or dreams]

---

3. Bid vir God se ______________________ en __________.

**Matteus 22:29** Maar Jesus antwoord hulle: "Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie.

**Handelinge 11:21(AFR20)** Die hand van die Here was oor hulle, en n groot aantal het gelowig geword en na die Here gedraai.

**2 Korintiërs 3:5-6** Uit onsself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onsself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God, [6] wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees,

**Sagaria 4:6** …Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige."

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*

4. Bid vir ______________________.

**Psalm 32:7** U is vir my 'n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing.

**Psalm 3:4(AFR20)** Maar U, Here, is vir my ’n skild aan alle kante; U is my eer, en die Een wat my kop hoog hou.

**1 Petrus 5:8** Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.

**2 Tessalonisense 3:3** Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar.

**Psalm 69:7** Here, almagtige God, moenie dat dié wat op U vertrou, deur my toedoen teleurgestel word nie. God van Israel, moenie dat dié wat by U hulp soek, deur my toedoen beskaam word nie.

*Alle verse uit AFR83 behalwe waar anders aangedui*